Redakteursbrief

Hande op wie is wintermense? Ek is beslis een. As dit lekker koud is, as daar vlae reën val en die Jonkershoekberge 'n sneeukombers kry... dan is dit tyd vir kaggelvure, rooiwyn, en laatnagte se kuier saam met vriende. Komaan, erken dit, daar is darem iets spesiaals aan 'n winter in Stellenbosch! Hierdie winteruitgawe van *Matieland* is dus gepak met 'n lekker klomp stories en nuus van jou alma mater. Sit dus agteroor en geniet dit!

Vroue se rol by die Universiteit

Vroue aan die US kan hul man staan! Om die waarheid te sê, hulle is op soveel terreine besig om te presteer en uitgediende persepsies te verander, dat 'n mens nie anders kan as om deeglik daarvan kennis te neem nie. Kyk dus self in hierdie uitgawe hoeveel artikels vertel met trots wat Matievroue bereik het. Soos met elke uitgawe van *Matieland* kies ons 'n informele tema. Maar hierdie uitgawe se tema het homself (ekskuus *haarself*) gekies. En dan stry mens nie.

Laastens. 'n Aspek wat nog steeds amper elke dag die nuus haal, is die taaldebat op Stellenbosch. In 'n vorige uitgawe het ons gesê dat juis omdat daar soveel in die koerante oor die debat geskryf word en omdat die US se webblad (www.sun.ac.za/taal) so baie inligting bevat, gaan ons nie in *Matieland* baie ruimte daaraan afstaan nie.

As redaksie het ons egter gevoel om dié keer 'n uitsondering te maak. Spesifiek gaan dit oor persepsies dat die Universiteit nie veel vir Afrikaans doen nie. Hieroor het die US 'n sterk mening. Behalwe dat Afrikaans deel is van ons Toekomsvisie 2012, doen ons baie vir Afrikaans! Ons gaan kry egter die storie as't ware uit die perd se bek. Lees gerus prof Leon de Stadler, die Direkteur van die Taalsentrum en Projekleier van die Taaltaakgroep wat verantwoordelik is vir die hersiening van die Taalbeleid, se artikel op bl 31.

Martin Viljoen
Redakteur

Medewerkers

Karin Theron
Karin is die Fakulteit AgriWetenskappe se landbouskrywer en het jare gelede 'n vrouetydskrif vir die landbou-omgewing verruil. Sy is 'n natuurmens en daarom geniet sy dit soveel om oor die landbou en sy plat-op-die-aarde mense verslag te doen.

Marli van Wyngaard
Marli is 'n Puk wat haar in Stellenbosch kom tuismaak het. Sy is die *Eikestadnuus*, Stellenbosch se gemeenskapskoerant, se sportredakteur (en nou *Matieland* s'n), maar skryf ook oor 'n wye verskeidenheid ander onderwerpe.

Theunis Strydom
Met die intrapslag in Dagbreek Manskoshuis het Theunis die bynaam Wortel gekry *(Hoekom Theunis? – Red.)*. Hy werk tans by *Beeld* in Johannesburg, maar wag steeds dat 'n akker op sy kop val. Theunis het met SABC 2 se Suzaan Steyn gaan praat.

Sabina Mossolow
Na twee jaar as natuurbewaringsjoernalis, het die sopraan Sabina Mossolow die Namibiese veld verruil vir die operaverhoog in Freiburg, Duitsland. Dié Oudmatie, met 'n meestersgraad in musiek en 'n honneursgraad in joernalistiek, is plaaslik bekend as liedsangeres en sal binnekort weer groener (opera-) weivelde oorkant die groot water opsoek. Sy het gesels met die befaamde mezzosopraan Michelle Breedt.

Engela Duvenage
Engela was al op Dassen- en Dyereiland langs die Suid-Afrikaanse kus, maar Marioneiland bly haar nog ontwyk. Haar werk as wetenskapskrywer van die Fakulteit Natuurwetenskappe het haar ten minste die kans gegee om met van die Matie wetenskaplikes te gesels wat op dié sub-Antarktiese eiland werk.

Lynne Rippenaar
Lynne, 'n gebore Stellenbosser, se passie is stories vertel. Voordat sy aangestel is as redakteur van *Kampusnuus*, die Universiteit se personeelkoerant, was sy finansiële verslaggewer, programvervaardiger en 'n onderwyser in Korea. Sy het gesels met prof Petra Engelbrecht, Senior-Direkteur: Navorsing, en haar span oor die Thuthuka-program vir jong navorsers.

matieland

VOORBLADFOTO: Suzaan Steyn, Oudmatie en nuusleser op SABC 2 is ons alumnusfokus vir hierdie uitgawe. Lees meer oor haar op bl 10. (Foto: Loanna Hoffmann)

Die Universiteit se oudstudente en donateurs ontvang Matieland gratis

REDAKTEUR: Martin Viljoen
REDAKSIEKANTOOR:
Bemarking en Kommunikasie, Privaat Sak X1 Matieland, 7602, tel. (021) 808 4921, faks (021) 808 3800,
epos media@sun.ac.za

SIRKULASIE:
Malena Fourie, Stellenbosch Stigting
Privaatsak X1, Matieland, 7602
Tel. (021) 808 4843, faks (021) 808 3026
e-pos: alumni@sun.ac.za

Gepubliseer sedert 1957
Jaargang 49 01: 2006
ISSN 0025 5947

VOORBLADONTWERP EN UITLEG:
Ilse Roelofse
Universiteit Stellenbosch Drukkery
e-pos: ir@sun.ac.za
DRUK: Universiteit Stellenbosch Drukkery

FRONT COVER: We focus on Suzaan Steyn, Matie alumnus and news anchor on SABC 2. Read more about her on page 10. (Photo: Loanna Hoffmann)

Matieland is mailed free of charge to the University's alumni and donors

Editor: Martin Viljoen
Editorial Office:
Marketing and Communication, Private Bag X1, Matieland, 7602,
tel (021) 808 4921, fax (021) 808 3800 and
e-mail: media@sun.ac.za

CIRCULATION:
Malena Fourie, Stellenbosch Foundation
Private Bag X1, Matieland, 7602
Tel (021) 808 4843, Fax: (021) 808 3026
e-mail: alumni@sun.ac.za

Published since 1957
Year 49 01: 2006
ISSN 0025 5947

COVER DESIGN AND LAYOUT:
Ilse Roelofse
Stellenbosch University Printers
e-mail: ir@sun.ac.za
PRINTING: Stellenbosch University Printers

Menings uitgespreek in *Matieland* is nie noodwendig dié van die redakteur of die Universiteit Stellenbosch nie.
Viewpoints expressed in *Matieland* are not necessarily that of the editor or Stellenbosch University.

www.sun.ac.za